Vastetermynaanstelling: Studentewerwer

Gauteng, Wes-Kaap, Oos-Kaap, Bloemfontein

Akademia het tans studentewerwings- en bemarkingsposte vir ’n tydperk van een jaar in die betrokke streke beskikbaar. Akademia is ’n geregistreerde, privaat Afrikaanse hoëronderwysinstelling wat opleiding vir verskeie kwalifikasies bied.

Daar sal van die posbekleër verwag word om ’n wye spektrum van werwings- en bemarkingsaksies vir Akademia te organiseer en te implementeer, waaronder die verteenwoordiging van die organisasie by skole en die sakeomgewing; betrokkenheid by sosialemediaveldtogte; die bemanning van loopbaanskoue; die bou van verhoudings en netwerke met skole en gemeenskappe; asook verskeie ander aspekte wat met kommunikasie en die skakelwese verbandhou.

Goeie interpersoonlike en aanbiedingsvaardighede; organiseringsvaardighede; prioritiseringsvermoë; goeie menseverhoudinge en rekenaarvaardighede is vaardighede wat in die suksesvolle aansoeker se guns sal tel.

Daar sal van die kandidaat verwag word om te reis en om moontlik uit te slaap.

Om te kwalifiseer, word ’n toepaslike tersiêre kwalifikasie benodig. ’n Portefeulje met sterk bemarkings- en/of kommunikasie-ervaring, goeie menseverhoudings, kennis van

sosiale media en die vaardige gebruikmaking daarvan sal in kandidate se guns tel.

Belangstellendes kan ’n Afrikaanse CV (geen sertifikate nie) aan Paul Vogel by paulv@akademia.ac.za stuur. Dui asseblief ook aan vir watter streek jy aansoek doen. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 17 Maart 2017.

Indien jy nie binne drie weke ná die sluitingsdatum terugvoer ontvang het nie, kan jy aanvaar dat ander kandidate vir die pos oorweeg is.